

Welkom by die Groen Galery

كُنْ دَجِيْ افْرِيكَانَسِ تُوْلِيْسِ اَيْنِ عَرَبِيَايْسِ اُوْفِ جَاوِيْ waar Arabies-Afrikaans leef

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) en Historium Trust is verheug om die weners van hul 2022-Arabies-Afrikaanse kompetisie, waarvoor R10 000 en jaarpermitte op die spel was, aan te kondig. Vanuit Komatipoort, Mpumalanga, is Zahraa Ameer die algehele wenner, met haar suster, Zaynab Ameer, en Naema Fredericks van Kaapstad wat as gesamentlike naasweners aangewys is. Boonop word die tien ander beste werke saam met dié drie se inskrywings in die monument se Groen Galery uitgestal.

Ter ere van Erfenismaand en spesifiek die bydrae van Arabies-Afrikaans tot die taal se wording het die ATM kort Afrikaanse tekste in Arabiese of Jawiese (Arabiese alfabet soos aangepas vir Afrikaans) skrif versoek. Dit volg op die hoogs suksesvolle kompetisie in 2020 toe meer as 40 nuwe Arabies-Afrikaanse geskryfte ontvang is asook die onlangse Arabies-Afrikaanse werkswinkel by die museum.

Die positiewe reaksie, mediadekking en talle inskrywings – van religieuse tekste, oorspronklike werke oor Afrikaans asook poësie – bewys dat daar steeds 'n groot belangstelling in Arabies-Afrikaans is. Naas Suid-Afrika, was daar vanjaar ook inskrywings van Duitsland en Katar, met Ludwig Schmidt, Alamien Gaidien, Egbert Vermaak, Suleman Dangor, Jubayda Venos, Albrecht Beer, Johann Potgieter, Dorette Booyen, Tuhfah Emjedi en Jo-Mari Reynolds wie se werke die top-13 gehaal het.

Afrikaans wat met behulp van die Arabiese alfabet geskryf is, word algemeen aanvaar as die eerste geskrewe vorm van Afrikaans. Talle Arabies-Afrikaanse geskryfte – soos studentenotaboeke, verkiesingsplakkate, publikasies en manuskripte – het behoue gebly; tot dusver is 74 van dié werke wat tussen 1845 en 1957 geskryf is, deur kundiges ontdek en geïdentifiseer. Hieronder tel uitstekende voorbeelde van die vroegste Afrikaanse literatuur. Daar is boonop heelwat Arabies-Afrikaanse geskryfte in privaatbesit wat die ATM graag wil digitaliseer om dit vir die nageslag te bewaar.


Die beoordelaar was dr. Shamiya Chaudhari, 'n dosent in die fakulteit opvoedkunde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie waar sy Afrikaans as hoofvak en Kurrikulumstudie doseer. Sy is nie net 'n kenner op Afrikaans en Arabies – en liefhebber van Jawies – nie, maar fokus ook op dekolonisering, identiteitstudies en oratuur. Volgens haar was die beoordeling nie maklik nie, maar het die top-3 kop-bo-water uitgestaan. “Ek wil ook spesiale melding maak van die onmiddellike opvolgers in die 8/10-kategorie wat uitstekende werk gelewer het,” sê sy. “Aan die res van die kandidate wil ek graag my dank betuig; dit was goed en getuig van harde werk en belangstelling.” Om by hierdie kompetisie aan te sluit, het Chaudhari boonop op 16 Julie 2022 'n stimulerende Arabies-Afrikaanse werkswinkel vir beginners aangebied; die moderne tipe ‘madrassa’-klas is nie net goed bygewoon nie, maar daar was talle versoeke vir nog werksessies.

Volgens Michael Jonas, direkteur van die ATM, is die doel van hierdie werksinkels en kompetisies om 'n moderne bydrae tot dié skryftradisie te lewer. “Ons missie is immers om onder meer die versweë geskiedenis van Afrikaans te belig en die ryke diversiteit van Afrikaans se ontstaansgeskiedenis asook haar moderne gedaantes te vier. Daarom wil ons mense aanmoedig om ook op hierdie manier hul deelname aan hierdie taal te herbevestig,” sê hy. “In die Taalmuseum in die Paarl gee ons heelwat erkenning aan Abu Bakr Effendi wat in die 1800's 'n groot rol in die ontwikkeling van Arabies-Afrikaans en derhalwe ook Afrikaans in die Bo-Kaap gespeel het. Ons wil graag sien dat die Afrikaanse gemeenskap hierop voortbou.”

Die wenner ontvang R5 000 kontant en die twee naasweners R2 500 elk, geborg deur die Historium Trust. Al drie wen ook 'n gesinsjaarpermit vir die ATM wat onbeperkte besoeke vir vier mense aan die monument, museum, koffiewinkel en volmaanpieknieks insluit. Om dit aan 'n groter gehoor bloot te stel, word die beste dertien inskrywings in die monument se Groen Galery uitgestal waar die Romeinse en Arabiese/Jawiese weergawes van dieselfde tekste naas mekaar verskyn.

wenner: Zahraa Ameer

Qur'an



“Wie 'n wêreldse verdriet van 'n gelowige verwyder, Allah sal ook van hom die verdriet van die Dag van Opstanding verwyder. En wie die behoefte van 'n behoeftige persoon verlig, Allah sal sy behoeftes in hierdie wêreld en in die hiernamaals verlig. Wie die wandade van 'n Moslem verberg, Allah sal hom beskerm in hierdie wêreld en die hiernamaals. En Allah sal sy slaaf help, solank hy sy broer help. En elkeen wat 'n pad volg om kennis daarin te soek, Allah sal vir hom 'n pad na die Paradys vergemaklik. Geen mense kom bymekaar in een van die huise van Allah, lees die boek van Allah en bestudeer dit onder mekaar, behalwe dat Sakeenah [kalmte] op hulle neerdaal en genade hulle omhels en die engele hulle omring, en...”

Zahraa Ameer woon in Komatipoort, Mpumalanga. “My belangstelling in Arabies-Afrikaans is omdat dit 'n groot rol speel in die geskiedenis van Moslems in Suid-Afrika. Ek is Moslem-Indiër van etnisiteit en my huistaal is nie Afrikaans nie, maar ek het grootgeword in 'n meestal Afrikaanssprekende dorpie en skoolgegaan in 'n Afrikaanse skool. Baie Suid-Afrikaanse Moslems wat nie in die Kaap grootgeword het nie of nie Kaaps-Maleis is nie, is onbewus van hoe ryke rol Afrikaans in die geskiedenis van ons geloof en godsdiens is. My motivering was meestal om 'n bietjie meer in die geskiedenis van Afrikaans-Arabies te delf en meer te leer daarvoor en hoe die letters gebruik was. “Ek praat vlot Afrikaans en kan Arabies vlot lees en 'n bietjie verstaan. Die moeilikste – wat nie regtig so moeilik was nie – was seker om klanke wat nie in Arabies voorkom nie, te translitereer.” - zahraa.ameer214@gmail.com

أَرَابِيْسِي أَفْرِيكَانْسْ



Arabies-Afrikaans



naaswenner: Naeema Fredericks

Qur'an: Al-An'am

د هَيَاَح قُرْآن، هُوْفُسْتَك
سِسْ: الْأَنْعَامِ .

Die Heilige Quran,
Hoofstuk ses: Al-An'am

98. ۞ دِتْ اِسْ هَيِ قَتْ يَلْ .
اَيْتْ ءَ عِنْكَلْ سِلْ حَسْكَاَپْ

En dit is Hy wat julle
uit 'n enkele siel

geskape

96. هَيِ فَرَاوْرَسَاكْ دِ
دَخْبِرِيَاكْ، ۞ نْ هَيِ هَتْ
دِ نَخْ حَمَاكْ فُرْ رَصْ،
۞ دِ صَانْ ۞ دِ مَانْ
اِسْ اِنْحَسْتَلْ فُرْ دِ
بَرِيَاكْتَعْ فَنْ تَيْدْ.
دِتْ اِسْ دِ اُوْرْدِيْلَعْ
فَنْ دِ اَلْمَحْتَحْ، دِ اَلْفِيْتِيْنْدْ.

Hy veroorsaak die
dagbreek, en Hy het
die nag gemaak vir rus,
en die son en die maan
is ingestel vir die
berekening van tyd.
Dit is die oordeling van
die Al-magtige, die
Al-wetende.

هَتْ، ۞ دَاْر اِسْ فُرْ يَلْ ءَ
رَضِيْلِكَ ۞ ءَ بَقْرُ پِلَاسْ.

het, en daar is vir julle
'n rusplek en 'n

bewaarplaas.

اِنْدَرَضَاَدْ، هَتْ وُنْسْ دِ
تِيْكُنْسْ فَرَضِيْدِيْلِكَ اَنْ ءَ
فُلُقْ قَتْ بَخْرِيْپْ هَتْ.

Inderdaad, het Ons die
Tekens verduidelik aan
'n volk wat begrip het.

97. ۞ دِتْ اِسْ هَيِ قَتْ دِ .
سِتْرَ فُرْ يَلْ حَمَاكْ هَتْ،
سُوَاَدَتْ يَلْ دَاْرْدِيَاْر
دِ رَحْتَّ فِخْ اِنْ دِ
صِيْسْتَرْ فَنْ دِ لَنْدْ ۞ نْ
دِ سِيِيْ مَخْ فُلُخْ.
فَاْرَلْكَ، وُنْسْ هَتْ دِ
تِيْكُنْسْ فَرَضِيْدِيْلِكَ فُرْ
ءَ فُلُقْ قَتْ كِيْنْسْ بَسِيْتْ.

En dit is Hy wat die
sterre vir julle gemaak
het, sodat julle daardeur
die regte weg in die
duister van die land en
die see mag volg.
Waarlik, Ons het die
Tekens verduidelik vir
'n volk wat kennis besit.

Naeema Fredericks woon in Retreat, Kaapstad. "Ek vind hierdie tipe skryfwerk baie uniek. Ek stel ook belang in tale, so ek het natuurlik aan hierdie kompetisie deelgeneem. "Ek het baie tyd aan redigering bestee aangesien ek dit vir die lesers maklik wou maak. -naeema.f13@gmail.com

اَرَابِيْسِيْ اَفْرِيْكَانْسْ




Arabies-Afrikaans



naaswenner: Zaynab Ameer

Qur'an: Die Barmhartige



In die Naam van Allah, die Barmhartige, die Genadige.

1. Die Barmhartige
2. het die Qur'ān onderrig.
3. Hy het die mens geskape,
4. en hom geleer om te praat.
5. Die son en die maan volg 'n berekende baan,
6. en die plante en die bome aanbid Hom.
7. En die hemel het Hy hoog gevestig; en die maat het Hy bepaal,
8. sodat julle die maat nie mag oorskry nie;
9. en hou die weegskaal in stand op 'n billike wyse, en doen nie te kort aan die maat nie.
10. En die aarde het Hy vir Sy skepsels geskape;
11. daarin is vrugte en palmbome met blomskedes,
12. en die graan, met hul blare en stingels vir voer, en welriekende plante.
13. ~ Watter van die gunste van julle Heer sal julle ontken? ~

(Woorde: 114)

(Die Heilige Qur'aan: Hoofstuk 55: Die Barmhartige, Vers 1-13)

Zaynab Ameer woon in Komatipoort, Mpumalanga. "Afrikaans is vir my 'n baie fassinerende taal. Ek stel nie gewoonlik in geskiedenis belang nie, maar die geskiedenis van die taal is vir my baie besonders en interessant. As iemand slegs van Afrikaans praat, sal ek dit verdedig met die kennis wat ek het. Dit is vir my 'n pluspunt dat ek Arabies kan lees en skryf. Ek het ook 'n kursus in Arabiese sierskrif gedoen en stel dus baie belang in die taal. Toe my suster die kompetisie gesien het, het sy my daarvan gesê en ek wou dadelik dit doen. Dit was uitdagend en lekker; terselfdertyd het dit my herinner aan Sheikh Abu Bakr Effendi, wat Arabies-Afrikaans in sy madrasa gebruik het. "Die moeilikste ding was seker om die regte klanke vir sekere letters te kry wat nie ooreenstem nie. En om dit op papier te skryf en seker te maak dis duidelik sigbaar op 'n foto, want ek het geen idee gehad hoe om Arabies op 'n rekenaar te tik nie." – zayameer.7@gmail.com

أَرَابِيْسِي أَفْرِيكَانْسِ



Arabies-Afrikaans



Tuhfah Emjedi

Hoe om wudu te maak

<p>هُوَ اَمُّ هُوَ اَنْوَاسُ مَا كُ بَخِينِ هَيْتِ دِرْحَتَرِ بِيْتِي سِي بِسْمِ اللّٰهِ اِنْ اَلْ دَسْتِ اب بِرِي كَبِيْر ، وَاَسْ دِ هَانْدِ بَرِي لِكَبِيْر بَخِينِ مِيْتِ دِرْحَتَرِ هَانْدِ ، وَاَسْ دِمُرْتِدِ بَرِي كَبِيْر ، كَسْبُوْلِ يُوْ فَيْسِ بَرِي كَبِيْر اَيْتِ ، وَاَسْ يُوْ خَيْسَتْ بَرِي لِكَبِيْر شُوْتِ يُوْ لَسِي كَبِيْر ، وَاَسْ يُوْ اَرِيْمَسْ بَرِي لِكَبِيْر بَخِينِ مِيْتِ دِ رَحْتَرِ اَرِيْمِ هَنْ فَنْ يُوْ فَاَنْ خَرِ بِيْتِ شُوْتِ بِيْتِ دِ بُوْ اَيْلِدِ بُوْخِ ، وَاَسْ دِ فُوْرِ كُوْبِ بَرِي لِكَبِيْر مَانَسْ مَانَسْ فَنْ دِ يِيْدِ كُوْبِ نِ نُوْنِخِ فَرْدِ هِ دَا اِيْسِ نِ ، وَاَسْ دِ فُوْتِ بَرِي كَبِيْر بَخِينِ هَيْتِ دِرْحَتَرِ فُوْتِ فَنْ اَفْ دِ بِيْتِ</p>	<p><u>Hoe om wudu te maak.</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Begin met die regte niyyah, sê Bismillah, in al die stappe drie keer. Was hande drie keer, begin met regterhand. • Was die mond drie keer. • Spoel neus drie keer uit. • Was gesig drie keer tot onder jou ken. • Was ^{jou} arms drie keer (ك), begin met die regter-arm van vingerpunte tot net bo elmboog. • Was die voorkop drie keer vir mans masah van die hele kop (dames) nie nodig vir dames nie. • Was die voete drie keer, begin met die regtervoet vanaf punt van toonnael tot net bokant enkel.
<p>فَنْ شُوْنِ نَا لِ تُوْتِ لِيْتِ هُوْ كَانَتْ دِ لِيْتِ كَبِيْر ، صُوْرُ نَرَا يِيْتِ لِنْدَا اَسْ سِي دِ كُوْ اَسْ نَاهُوْ اُوْ ،</p>	<p>• Sodra jy klaar is, sê die dua's na wudu.</p>

Tuhfah Emjedi woon Tafelsig, Kaapstad. “Die rede waarom ek in Arabies-Afrikaans belang stel, was omdat my ou oupagrootjie Afrikaanse tekste in Arabies-Afrikaans geskryf het. Dit het my gemotiveer om 'n Arabies-Afrikaanse teks aan te pak.

“Ek is nie 'n Afrikaanssprekende nie, so dit was 'n bietjie moeilik om die Engelse teks in Afrikaans te skryf, maar alhamdulillah ek het daardeur gekom. Ek het ook gesukkel met 'n paar woorde in die teks om dit in die Arabies-Afrikaans te skryf. Ek het die Arabiese alfabet van my oom gebruik, want ek het dit 100% verstaan. Dit het my regtig baie gehelp; soms kon ek nie die Arabiese alfabet gebruik nie, dan lees ek die woorde hardop om te hoor hoe klink die letters. Die teks was moeilik, maar op die ou end was al wat ek gedoen het net my beste. Wen of verloor was nie die saak nie; al wat ek wou doen was om in die voetspore van my ou oupagrootjie te volg.” – tuhfahalamjadiy@gmail.com



Suleman Dangor

Die stryd was nie in Java nie

دي سنتر يَدْفَسْ نِي اَنْ جَافِ نِي مَارْ هَيْرِ
قَارَالْسْ سَتَلْ قُورْدَانْ دِي اَيْنْسَامْ هِيدْ
ايكْ هَيْتْ خَفِيْتْ هَيْرْ سَالْ دِي اَيْنْدْ كُومْ
مِيْ هَارْتْ هَيْتْ نَامِيْ اِيْ لَانْدْ خَتْرِيْكَ
جَانِيْ نَاجَاوَايْنْ مَكْسَرَايْنْ خَانْ
اُومْ فَرِيْ تُويسْ اُومْ فَيْرْتَدْرُومْ اَيْنْ لُوبْ
دِيرْسِكِيمْرَنْدِيْ تُونْلَسْ وَتْ دِي كَمْبُوعْ لِيْ
فَارْسْ كَلْحَتِيْ سُونْ كْ دِيرْدِيْ بِلَارِيْ دَرْعْ
اُومْ فَيْرْمِيْسِيْلْفْ تَفِيْسْ
قَتْ اِيْكَ اَسْ كَنْدْ خَكِيْنْ هَيْتْ اَيْنْ تَفِيْتْ
هَيْرْ اَسْ دِي مِيْنْسِيْ فَنْ مِيْ اِيْ لَنْدْ
اَنْ هَيْرْدِيْ خُرُونْدْ سَالْ اِيْكَ مِيْ رَسِيْلِيْكَ فَنْدْ
دِي فِيلْدْ سَلْحْ فَنْ دِي خِيْسْ
دِي اُونْ اُوْبُهُوْدْ لِكِيْ سَتْرِيْدْ
خِيْنْ فَايْنْسْتَلْسْتَانْدْ هَيْرِيْ فَنْدْ دِي فَيَانْدْ
فِيْخْ اِنْ اُونْسْ دِيرْ اُونْسْ اَلْتِيْدَانْ اُونْسْ نَامْ
اَسْ مِيْتْ اُونْسْ سَامْ خَسْتْرِيْغْ لْ پُولْسْ اِنْ اُونْسْ
بُلُودْ
لَسْ دِيرْ اُونْسْ اُوْفْ قَلْ مِيْتْ
اُونْسْ هَانْدِيْ خَرِيْپْ
اَيْنْ مِيْسْتَرْ قُورْدَانْ اُوْمْ اِيْتْ سِيْ اِيْ هَيْسْ دِي مِيْسْتَرْ
اَسْ سَلَاْفْ تَدْرِيْفْ نَافَاتْ هِيْ بِيْتِيْ فَنْدْ

Die stryd was nie in Java nie maar hier
Waar alles stil word in die eensaamheid
Ek het gewet hier sal die einde kom
My hart het na my eie land getrek
Na Java en Makassar uitgegaan
Om vry te wees, om weer te droom en loop
Deur skemerende tonnells wat die kampongs lei
Waar skagte sonlag deur die blaare dring
Om weer myself te wees
Wat ek as kind geken het, en te weet
Hier is die mense van my eie land
In hierdie grond sal ek my rusplek vind
Die veldsalg van die gees, die onophoudelike stryd
Geen wapenstilstand hier nie, want die vyand
Veg in ons, deur ons, altyd in ons naam
Is met ons saamgestrengel, pols in ons
bloed
Lus deur ons oë, wil met
ons hande gryp
En meester word om uit sy eie huis die meester
As slaaf te dryf na wat hy buite vind

Suleman Dangor woon in Durban. “Ek het ’n kopie van Achmat Davids se The Afrikaans of the Cape Muslims, soos deur professor Hein Willemsse geredigeer, en het self ’n akademiese artikel oor Arabies-Afrikaans gepubliseer. Dis waar my belangstellings vandaan kom. “Ek het ’n bietjie moeite gehad met woorde wat met ’n “ja” moet eindig, soos mense en blare.” - dangors@ukzn.ac.za

أَرَابِيْسِيْ أَفْرِيْكَانْسْ



Arabies-Afrikaans



Ludwig Schmidt


Die Mot en die Kers

لَتَبَاهُفَان - دِ مُتْ اِنْ دِ كِرْس	CJ Langenhoven - Die Mot En Die Kers
دِ اَنْدَارِ مَاتِبَا اِسْ دُم اِنْ دَوَاسْ،	Die ander motte is dom en dwaas,
مَار اِكْ سَلْ فَيْرْ فَن دِ كِرْس اَفْ بَلِي؛	Maar ek sal vér van die kers af bly;
هَر فَيْرْ اَيْتْ دِ سَكِيمَارْتَا سَلْ اِكْ كِيكْ،	Hier vér uit die skemerte sal ek kyk,
هَر فَيْرْ اِسْ دَاتْ فِيلَاخْ اِنْ كِيكْ اِسْ فَرِي.	Hier vér is dit veilig en kyk is vry.
مَار اِكْ هُوْفْ نِي فَن اَيْنَكَنْتْ نَاتْ تَا كِيكْ -	Maar ek hoef nie van éénkant net te kyk -
اِكْ فِلَخْ اُبْ دِسَلْفَدَا اَفِيْتَنْتْ اُمْ،	Ek vlieg op dieselfde afstand om,
دَنْ فَيْتْ اِكْ فَن اَلَكَنْتْ اَفْ هُ هِي لِيكْ،	Dan weet ek van álkant af hoe hy lyk,
اُم بِيْتَارْ تَا سُرْخْ اُم نِي نَدَارْ تَا كُمْ.	Om beter te sorg om nie nader te kom.
مِي سَارْكَالْ قَسْ سَكِيْفْ اِنْ اِم اِنْخَابِيخْ	My sirkel was skeef en ingebuig,
مَار يَارْ اُوْكْ نُخْ، قَارْ اِكْ نَاسْتَا قَسْ،	Maar dáár ook nog, waar ek naaste was,
هَابَاتْ نَاكْسْ خَابِيرْ - اِكْ مَاكْ فَاِرْنِيْتْ	Het niks gebeur - ek maak verniet
مِي فَاِلَانْ سُّ خَرُوْتْ اِنْ سُّ فِرْ فَن جْ اَسْ.	My velling so groot en so vér van die as.
دِ قَلِكْ دَرَايْ اَلْ فَاِنَاخَارْ اُمْ،	Die wieletjie draai ál vinniger om,
اِنْ دِ لَاخْ اِنْ دِ خَلُوْدْ قُرْدْ اَلْ خَرُوْتَارْ خَانْتْ:	En die lig en die gloed word ál groter genot:
اِنْ دِ فَاِلَانْسْ قُرْدْ نُوَارْ اَلْ رُنْدُمْ دِ اَسْ -	En die vellings word nouer ál rondom die as -
اِنْ دِ اِنْتْ فَن دِ قَلْ اِسْ دِ اَسْ فَن دِ مُتْ.	En die end van die wiel is die as van die mot.

Ludwig Schmidt woon in Stellenbosch. “Ek is nog altyd geïnteresseerd in Arabies as 'n skrif, maar het dit tot dusvêr nog relatief ontoeganklik gevind. Dit was toe 'n wonderlike verrassing toe ek ontdek dat ek terselfdertyd Arabiese skrif kan leer, en meer van Afrikaans se herkoms kon ontdek. As 'n sagtewareontwikkelaar is dit soms belangrik om verskillende tale te kan ondersteun. Arabiese skrif val in 'n groep wat baie anders as die Romeinse alfabet werk. Ek wil Arabies-Afrikaans gebruik om die programme wat ek ontwikkel, beter te laat werk in verskillende tale.

“Ek kon nog geen omvattende beskrywing kry wat definitief vasstel hoe om Afrikaanse klanke na Arabiese klanke te map nie. Daar is 'n klompie verskillendes, maar nie een was vir my regtig volledig nie.” – loetwieg@gmail.com

أَرَابِيْسِي أَفْرِيكَانْسْ



Arabies-Afrikaans



Jubayda Venos

Fatima


أَنْ دِي نَامُ فَتَى اللَّهِ دِي
يُمَزَلَاكُ دِي خَنَادَخْ
فَاتِمَةُ أَسْ أْ صِيْبِي فَيِّنْ مُسْلِمًا
صِيْبِي صِيْتِ خَرُوتْ بُرِيْتِ أَوْي
يِي سَوُ أِيْرَسْ دِنَاكُ سِي أَسْ
نِيْشْ إِنْخِي أَنْدَرْ مِيْشِي مَارْ
فَاتِمَةُ أَسْ صِيْتِ أْ أَيْفَنَسْ
مَسْقُورَمَدْ بِيْنِ حَبُورْ فَتْ
فَرَأُورَسَاكُ دَتْ سِي سَوُ مَسْ أَوْي
أَسْأَكْسْ فُخَلَنْدْ صِيْبِي رَسَقِي
سِي كَتْ سَوُشْ أَنْدَرْ كَنْدَرْسْ
هَزْدَلُوبْ مَارْ نِيْتِ نِي سَوِي
فَنَخْ نِي. دَتْ بِلِي فَاتِمَةُ
نِي يِيْشْ نِي فَنِيْتِ سِي أَسْ
تَوُخْ أَلْتِيْدْ دَارَانْ حَقُوتْ.
دَسْ نِيْتِ دَتْ دِي أَنْدَرْ
كَنْدَرْسْ هَارْ سَوُ مَسْأِيْدَسْ
أَيْفَنَسْ أَوْحَمَكَلَاكُ رَاتْ فُولْ
تَنْبِيْرْ هَلِي سَبِيْلَتِجِيْشْ أَنْبِيْكَ
فَنِيْتِ فَرَعِيْسْ دَتْ يِي مَتْ
هَزْدَلُوبْ فَاتِمَةُ سَبِيْلْ دَارْ أَوْمِ
مَارْ مِيْسَتْلْ أَوْي هَارْ أَيْبِي فَنِيْرْ
سِي نِي هَارْ مَاءْ مِيْتِ دَسْحِيْجِيْشْ
صَبِيْلِيْ أَوْفْ مِيْتِ هَارْ هَيْتَقِيْرَا
بِيْسَحْ أَسْ نِي سِي هَوُ بِيْبِي
دَارْفَتِ أَوْمِ هَسْتُورَشْ بُوْكَأَبْ
نِي فَوْنْ قَارْ دَتْ تَسْرَدِيْسِي
أَسْ أَوْمِ سَوُ نَدَخْ أَوْحَنْدِي
دِي هِيْرَلْكَسْتِي كَسْتَرْسْ
نِي يَدِيْنْ

سِي هُوْ بَايْ نِيْتِ دِي سَتُورِي
هُوْ دَسْ هَارْ خُوْدْ (اللَّهُ) أَمَنْ
مِيْتِ دِي نَامُ مَحْمَدْ (فَرِيْدْ
فَرْ هَوُومْ) حِكْسْ صِيْتِ أَوْمِ سِي
فَوْرْدْ أَنْ دِي مِيْبِيْسِي نِي
فَرْسِيْرِي. اللَّهُ هِيْتِ أْ أَنْخَلْ
حَسْتِيْرْ أَوْمِ فَرْدِي بَرُوفِيْتِ
(فَرِيْدْ فَرْ هَوُومْ) دِي فَوْرْدْ
نِي بَرِيْتِيْخْ أَنْ أَوْمِ هَرْدِي
فَوْرْدْ فَرْ أَلْتِيْدْ أَنْ بَرْفِيْكَ
أَرَابِيْسْ نِي بِيْقَارْ سَوُشْ دَتْ
أَنْ دِي كَرْعَمَاكْ أَنْخَتَكْ أَسْ
أَنْ أَلِيْ أَيْفَحْهَيْدْ

Fatima is 'n mooi, fyn Moslemmeisie met groot bruin oe.
Jy sou eers dink sy is nes enige ander meisie, maar Fatima
is met 'n effens misvormde been gebore wat veroorsaak dat
sy soms op 'n snaakse, waggelende manier stap. Sy kan soos
ander kinders hardloop, maar net nie so vinnig nie. Dit pla
Fatima nie juis nie, want sy is nog altyd daaraan gewoond.
Dis net dat die ander kinders haar somtyds effens ongemaklik
laat voel wanneer hulle speletjies aanpak wat vereis dat jy
moet hardloop. Fatima speel daarom maar meestal op haar
eie wanneer sy nie haar ma met dingetjies help of met haar
huilswerk besig is nie. Sy hou baie daarvan om in die historiese
Bo-Kaap te woon waar dit tradisie is om Sondagoggende die
heerlikste koesters te bedien.
Sy hou ook baie van die storie hoe dat haar God, Allah, 'n man
met die naam Mohammed - Vrede vir Hom - gekies het om Sy
woord aan die mense te versprei. Allah het 'n engel gestuur om
vir die Profeet - Vrede vir Hom - die woorde te bring, en om
hierdie woorde vir altyd in perfekte Arabies te bewaar soos dit
in die Koran aangeteken is - in alle ewigheid.

Jubayda Venos woon in Athlone, Kaapstad. "My belangstelling is meestal omdat ek as 'n elfjarige meisie my vader wat ongeletterd was, altyd ondersteun het met Arabies-Afrikaanse boeke. Dit dien ook as 'n aanmoediging vir die jonges om weer Arabies-Afrikaans aan te leer. Ook vir diegene wat nie Afrikaans kan lees nie, maar gewillig is om op hierdie manier te leer indien hulle Arabies kan lees. "Ek het 'n bietjie laat van die kompetisie te hore gekom het, so ek het 'n bietjie gestres oor die sperdatum. Maar andersins het ek dit verwelkom en geniet. Ek was ook verbaas dat sulke kompetisies bestaan."

أَرَابِيْسِيْ أَفْرِيْكَانَسْ



Arabies-Afrikaans



Jo-Mari Reynolds

Bitterbessie dagbreek

"Bitterbessie dagbreek"
Deur Ingrid Jonker

"بِتْرِبْسِي دَخْبْرِيكْ"
دِيرْ أَنْجِرْد يُنْكَرْ

بِتْرِبْسِي دَخْبْرِيكْ
بِتْرِبْسِي سُنْ
أَسْبِيلْ هَتْ خَبْرِيكْ
نُسْنِ مِي أَنْ هُوْمْ

Bitterbessie dagbreek
Bitterbessie son
n Spieël het gebreek
Tussen my en hom

سوكْ أَكْ نَا دِ خَرْوْتِيْدْ
أَمْ دَارْلَنْسْ تِ دَرْفْ
أَوْرَلْ دِرَايْ دِ پَايْكِيْسْ
فَنْ سَيِ فَوْرْدِ أَفْ

Soek ek na die grootpad
Om daarlangs te draf
Oral draai die paadjies
Van sy woorde af

دِنْبِسْ هَرْتِرِنْ
دِنْبِسْ فَرْخِيْتِ
هَتْ أَكْ أَوْكْ فِرْدَوَالْ
تَرْپْ أَكْ أَنْ مِي لِيْدْ

Dennebos herinnering
Dennebos vergeet
Het ek ook verdwaal
Trap ek in my leed

پِيخَاي-بُنْتِ إِخْوْ
كِيْرَنْ كِيْرَنْ مِي
تُنْدَتْ أَكْ بِدِرْوْ
فِيْرْ دِ كَوْخَلْ كَرْيْ

Papegaai-bont eggo
Kierang kierang my
Totdat ek bedroë
Weer die koggel kry

إِخْوْ أَسْ خِيْنْ أَنْتَقْوَرْدْ
أَنْتَقْوَرْدْ هِيْ أَلْوْمْ
بِتْرِبْسِي دَخْبْرِيكْ
بِتْرِبْسِي سُنْ

Eggo is geen antwoord
Antwoord hy alom
Bitterbessie dagbreek
Bitterbessie son

Jo-Mari Reynolds woon tans in Katar. Afrikaans is die taal waarmee ek groot geword het, so om dit te meng met 'n (baie moeilike!) taal wat ek as volwassene geleer het, is spesiaal. Die feit dat die twee tale geheel en al verskillende alfabette gebruik, maak dit verskriklik interessant. Dit was ook my motivering om deel te neem, om te sien hoe 'n werkstuk bymekaarkom en dit met twee sulke verskillende alfabette!

"Daar is soveel verskillende Arabiese dialekte en ek leer maar net een, Khaleeji (Golf Arabies), so om al die unieke Afrikaanse klanke so na as moontlik in Arabies te kry was 'n groot uitdaging." – jomariireynolds@gmail.com

أَرَابِيْسِي أَفْرِيْكَانْسْ



Arabies-Afrikaans



Johann Potgieter

Ghazal en half-ghazal

I

Die maan is dof sonder my ander oog
Netsowel 'n kol op die donker hemelboog

دِ مَانِ اِسْ دُفْ سُنَّرْ مِي اَنْرْ اَوْخْ
نَاتْسُفِيلْ ءِ كَلْ اَبْ دِ دُنْعَكَرْ هِيْمَلْبُوخْ

My hart is lank aan dié grond getoom
Deesdae is die wolke kommer-droog

مِي هَرْتِ اِسْ لَنْعَكْ اَنْ دِ خَزَنْتْ خُتُوْمْ
دِيْسِنْدَا اِسْ دِ فُلْكَا كُمْرِدْرُوخْ

Watter woord sal jou na my toe bring?
Verkies jy dalk 'n ander monoloog?

فَتَّرْ فُورْتِ سَلْ يُو نَا مِي تْ بَرَانْعْ؟
فَارِكِيْسْ يِ ذَلِكْ ءِ اَنْرْ مُنْلُوخْ؟

Die vlei is stom sonder my ander oor
Saam kon ons die stilmaker betoog

دِ فَلِي اِسْ سَتْمْ سُنَّرْ مِي اَنْرْ اَوْرْ
سَامْ كُنْ وَنْسْ دِ سَتَاْمَكْرْ بَتُوخْ

Jou binneland, my kus
Maar tog dieselfde ster omhoog

يُو بِيْنْلَنْتْ، مِي كَاِسْ
مَارْ تُخْ دِيْسِيْلْفَدْ سَتَارْ وَمُهُوخْ

II

Die son as borsspeld op die hemel se kaross
Klee my in die somer, in die hitte se kaross

دِ سُنْ اِسْ بُرْسُپِيْلْتْ اَبْ دِ هِيْمَلْ سَا كَرْسْ
كَلِي مِي اِنْ دِ سَمَرْ، اِنْ دِ هَاتْ سَا كَرْسْ

My hart is in die skemer en riviersand
In die randsom-berge van die wolkdraende kaross

مِي هَرْتِ اِسْ اِنْ دِ سَكِيْمَرْ اِنْ رَفِرْسَنْتْ
اِنْ دِ رَنْتْسُوْمْبَارْكَا فَنْ دِ فُلْكَدَرْ اِنْدَا كَرْسْ

Jy't vir my gesê: "Jou plek is hier"
In die groen van die eike se kaross

يِتْ فَاِرْ مِي خَسَا "يُو پِلَاكْ اِسْ هِيِرْ"
اِنْ دِ خَزْرَنْ فَنْ دِ يِكَا سَا كَرْسْ

In die herfs dra sy haar Tibetaanse kleed
Vroomheid voor die uittrek van haar takke se kaross

اِنْ دِ هَارْفِسْ دَرْ سِي هَارْ تَايِبَاتْسَا كَلِيْتْ
فَرْوْمَهِيْتْ فُورْ دِ غِيْتْرَاكْ فَنْ هَارْ تَاكَا سَا كَرْسْ

Ek's alleen hier op die stormkus, maar dis reg
Want daar is liefde in die Kaapland se kaross

اِكْسْ اَلْنْ هِرْ اَبْ دِ سَتْرْمَكَاِسْ، مَارْ دَاِسْ رَاخْ
فِيْنْتْ دَاِرْ اِسْ لَفْدَا اِنْ دِ كَاپْلَنْتْ سَا كَرْسْ

Johann Potgieter woon in Stellenbosch. "My belangstelling in Arabies-Afrikaans is aangemoedig deur my agtergrond in taalkunde en erfenisbewaring, my liefde vir kuns en literatuur, en my erfenis as 'n Afrikaanssprekende. Binne taalkunde stel ek baie belang in die verband tussen tale en die ontwikkeling van skryfstelsels, dus die natuurlike band tussen tale soos byvoorbeeld die bloedverwantskap tussen Afrikaans en Persies wat albei Indo-Europese tale is. Ons taalverbintenisse wys dat ons as mense familie is op maniere waaraan ons nooit dink nie. Een van my gunsteling skrywers is die Persiese Soefi digter Rumi, veral bekend vir sy ghazal gedigte wat almal ook geskryf was in die Arabiese skrif, aangepas vir 'n vreemde taal. Rumi het my geïnspireer om te speel met die aanpas van digstyle uit verskillende taaltradisies vir gebruik in Afrikaans en Engels. Ek is nie 'n boorling van die Kaap nie, maar dit is vir my veral vreeslik lekker om met 'n voorheen onbekende deel van my eie erfenis as Afrikaner en Afrikaanssprekende in gesprek te tree. Ek hoop dat dié geskiedenis van Arabies-Afrikaans 'n groter plek in beide ons kultuur, erfenis, en geskiedenis so wel as ons daaglikse interaksies met Afrikaans sal neem.

"Vir my was die grootse uitdaging om klinkers reëlmattig te verteenwoordig. Bv. die uitspraak van die letter "e" in woorde soos "sonder" en "hitte" – hulle klink baie eenders, amper identies, maar die ander letters in hul omgewing, hul plek in die woord, en die lettergrepe se klempatroon maak klein verskille veral wanneer die woord vinnig gesê word; ek het die tipe "e" probeer verdeel in "sterk" en "swak" klank wat ek onderskeidelik met 'n alif-hamza en fathah verteenwoordig het. Ek kon wel nie dieselfde onderskeid aan die letter "o" se uitsprake tref nie en het beide "vol" en "voel" met 'n dammah verteenwoordig (by terugskouing dink ek 'n dammah+fathah kombinasie vir die "o" in "vol" sou kon werk)." – johannpot@gmail.com

أَرَابِيْسِي أَفْرِيْكَانْسْ



Arabes-Afrikaans



Egbert Vermaak

Ek, Afrikaans

Jawiese skrif Romeinse skrif

إيك، أفريكانس Ek, Afrikaans

إيك هيت فير أوز دي سي كيكوم فن جاؤ ان توري	Ek het vêr oor die see gekom van Java en Borneo
ان كوم لي اين دي منده فن دي موسليمس فن دي بوكاف	En kom lê in die monde van die Moslems van die Bo-Kaap
إيك هيت فير كيكوم أوز دي سي فن دوئيشانت، نيديرلنت ان فرغكريك	Ek het vêr gekom oor die see van Duitsland, Nederland en Frankryk
ان كوم لي اين دي هولت فن دي ريسيجرس سن هرت	En kom lê in die holte van die reisigers se harte
دي مسدجيت وس ي هويس	Die Masjied was my huis
ان دي كزوت كيرك	En die Grootte Kerk
ان نوي ماك ايك لي ليكر لاج لةplek في دي ماغ فن االماق وت في فزات	En nou maak ek my lekker lag lêplek in die maag van almal wat my praat
في ليكر هولت ترانترير لي اين هول أوز	My lekker huil tranetrekker lê in hulle ore
ان في درام ان دريف اين دي برين فن في كيروويكيس	En my drama en drif in die breine van my gebruikers
إيك دانس في دي كليل فن في رفوس ان اين دي اار فن دي وت في ايندريغك	Ek dans in die kele van my roepers en in die are van die wat my indrink
إيك دازنيل ان ذراي ميت كويغسلاي اين دي او فن دي وت في ليس	Ek dartel en draai met kwinkslae in die oë van die wat my lees
ان بوكسفرغ رونت اوف فز ووت فن ان فليبيك فيغرفيت	En bokspring rond op papier uit pen en vlytige vingerpunte
إيك فر سوس سميل اوف دي نوج اس جي في سماك	Ek proe soos sambal op die tong as jy my smaak
أوف سو ستريلند سوس ست هينغسترووف ...	Of so strelend soos soet heuningstroop...
ان رويك سوس كولجندر ان كينل اس جي ميت في كوك...	En ruik soos koljander en kaneel as jy met my kook...
لوج فومف ليخ نا كيرست ليك وت في كللك فورم	Longe pomp lug na geperste lippe wat my klanke vorm
فوز نوج وت نريفل، نرف، نريف اوف دي مات فن دي تميرين	Voor tonge wat trippel, trap, tref op die maat van die tamboeryn
إيك ايسن أفريكانس، فرونتويت ان توت دي فينت	Ek is Afrikaans, prontuit en tot die punt
أوف ليرن اين في ديخ فيرويفده نيكست	Of lirie in my dig, verweefde tekste
إيك وس كيرونك فير سكيل، سوس ء مسجنگيوور ...	Ek was gebruik vir skel, soos 'n masjiengeweer...
ان فير لفةد ماك سوس ء هانت وت سترين اوز سكت سانت	En vir liefde maak soos 'n hand wat streef oor sagte sand
ان فير جامير سي، ليكويخ سوس ء فاول وت سكيكيسن هول	En vir jammer sê, ligweg soos 'n viool wat sagkuns huil
إيك ايسن أفريكانس؛ كيوزر وت نوتساك	Ek is Afrikaans; gebore uit noodsaak
اين كومبويس	In kombuis
ان كيلويتير اين اكلهيهيت ...	En gelouter in aakligheid...
ان ميت فويس	En met vuis'e
فيرهيو بو ساكليهيت	Verhewe bo saaklikheid
ميت لوفپريه	Met lofprijs
ان هيريسن اسن ساليكهيهيت	En herrys as saligheid
ويت دي فيرگرويس	Uit die vergruis'e
في بريخ هاغ اين دي ورم لير	My brug hang in die warm lug
تيسين االماق سي تيند	tussen almal se tande
ان سمي االماق سام وت في كن اين ان ويت اسيم	En smee almal saam wat my kan in- en uit asem
جي مت في نيث لات واسيم ...	Jy moet my net laat wasem...

Egbert Vermaak woon in Kaapstad. “Ek sien ons mooie Afrikaans as 'n medium om brûe te bou. Afrikaans is gebore uit die noodsaaklikheid van mense van verkillende agtergronde en wat verskillende tale gepraat het; om met mekaar te kon kommunikeer. Afrikaans het ontstaan as 'n tipe “fanagalo”. Met ander woorde... dis 'n gebore lingua franca en is dit vandag nog steeds. Afrikaans snoer mense van verskillende kulture en agtergronde saam met 'n magiese towerkrag. En hoe meer brûe ons kan bou tussen gemeenskappe en tussen mekaar, ten spyte van ons verkillen, hoe hegter bind ons ons land en haar mense saam. “Omdat daar nie 'n vasgestelde standaard manier was of is om Afrikaans met die Jawiese skrif te skryf nie was dit nogal ingewikkeld om die patroon vas te pen hoe om Afrikaanse klanke korrek weer te gee. Dit was 'n uitdaging en ook verskriklik baie pret om dit na te speur en in werking te stel.” – egbertvermaak@gmail.com

أرابيسي أفريكانس



Arabies-Afrikaans



Dorette Booysen

Erfenisdag

Erfenisdag is 'n openbare vakansiedag wat jaarliks op
أَرْفِينِيْسِدَّغِ إِسْ ءَ أُوْبِيْنْبَارِ فَاكُنْسِيْدَغِ وَتْ جَارَلْكَسْ أُوْبِ
24 September in Suid-Afrika gedenk word. Voor 1994
٢٤ سِبْتَمْبَرِ إِنْ سَاوْد-أَفْرِيْكَ غِدْنِكْ وَرْد. فُوْر ١٩٩٤
was die dag as Shakadag bekend, waartydens Zoeloes
وَ سْ دِي دَغِ أَسْ شَاكَادَغِ بِكِيْنْدِ، وَارْتَاِيْدِيْنْسِ زُوْلُوْسِ
hulle koning herdenk het.

هَلْ كُونِيْنَجْ هَرْدِيْنِكْ هِتْ

Ná demokrasie-wording is dit omskep in 'n dag waarop alle
نَا دِيْمُوْكَرَاسِي-وُرْدِيْنَجِ إِسْ دِيْتْ أُوْمْسِكِبِ إِنْ ءَ دَغِ وَارْأَبِ أَلْ
kulture hulle eie erfenis kan herdenk.

كُنُوْرْ هَلْ آيْءَ أَرْفِينِيْسِ كَنْ هَرْدِيْنِكْ

Met die oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika het die kabinet besluit dat
مِتْ دِي أُوْرْحَانَجِ نَا ءَ نُوْ سَاوْد-أَفْرِيْكَ هِتْ دِي كَيْنِتِ بِسْلُوْتِ دَتْ
daar 'n dag moes wees waarop alle Suid-Afrikaners hul eie
دَاَرِءَ دَغِ مُوسِ وَيْسِ وَارْأَبِ أَلْ سَاوْد-أَفْرِيْكَانِرْسِ هَلْ آيْءَ
erfenis moes gedenk. Dit het beteken dat niemand moes vergeet
أَرْفِينِيْسِ مُوسِ غِدِيْنِكْ. دِيْتْ هِتْ بِتِيْكِينِ دَتْ نِيْمَنْدُ مُوسِ فِرْخِيْتِ
wie en wat hy is en waar hy vandaan kom nie.

وِي إِنْ وَتْ هَيْ إِسْ إِنْ وَارْ هَيْ فَنْدَانِ كُمْ نِي

Oud-president Nelson Mandela het die woord "reënboognasie"

أُوْد-بَرِيْسِيْدِنْتِ نَلْسَنْ مَنْدَلَا هِتْ دِي وَوَرْدِ "رِيْنْبُوْغَنَاسِي"

bedink om Suid-Afrika se uiteenlopende kulture, gebruike,

بِدْنِكْ أَمْ سَاوْد-أَفْرِيْكَ سِيْ أَيْتَاِيْنْلُوْبِنْدِ كُنُوْرْ، غِبْرِ أَيْكِ

tradisies, geskiedenis en tale te beskryf. Erfenisdag moes 'n

تَرْدِيْسِيْسِ، خَسْكِيدِنِيْسِ إِنْ تَالِ تِيْ بِسْكَرَبِفِ. إَرْفِينِيْسِدَغِ مُوسِ ءَ

viering van daardie kleurrike verskeidenheid wees.

فِيْرِنَحِ فَنْ دَارْدِيْ كَلِيُوْرْ أَيْكِ فِرْسْكَيْدِنَهَيْدِ وَيْسِ

Erfenis is al omskryf as "dit wat ons geërf het: die somtotaal van

أَرْفِينِيْسِ إِسْ أَلْ أُمْسْكَرَيْفِ أَسْ "دِيْتْ وَتْ أُنْسِ غَارْفِ هِتْ: دِي سُمْنُوْتَالِ فَنْ

die natuurlewe en natuurskoon, plekke van wetenskaplike of

دِي نَتُوْرْلِيُوِيْ إِنْ نَتُوْرْسُكُوْنِ، بِلَاكْ فَنْ وَيْتِنْسْكَبَلِكْ أَفْ

geskiedkundige belang, nasionale monumente, historiese

غَسْكِدْكَنْدَغِ بَلْنَحِ، نَسِيُونَالِ مُنُوْمَنْتِ، هِسْتَرِيْسِ

geboue, kunswerke, literatuur en musiekstukke."

خَبُوْءِ، كُنْسُوْرْكَ، لِيْبِرْتُوْرِ إِنْ مُسِيْكَسْتَاكْ "

Dorette Booysen woon in Pretoria. "In die laat tagtigerjare het ek teologie begin studeer aan die Universiteit van Pretoria. Ek het die verpligte vak Hebreeus so geniet dat ek Arabies later as ekstra vak geneem het omdat dit ook Semitiese taal is. Maar ek het geen herinnering daaraan dat ons ooit iets geleer het oor Arabies-Afrikaans nie. Omdat ek Afrikaans is en Arabies baie geniet het as student, was dadelik 'n uitdaging wat ek wou aanpak.

"Die moeilikste deel vir my om die Afrikaanse klanke en veral die vokale weer te gee. Dit is beslis 'n veld waarvoor ek graag meer sou wou te wete kom." – dorettebooysen@gmail.com

أَرَابِيْسِيْ أَفْرِيْكَانْسِ



Arabies-Afrikaans



Denkers of leiers

Arabiese transliterasie:	Romeinse skrif:
دَنكَرْسُ أَف لَيْرْسُ	Denkers of leiers
هُوْفَلْ هَنَّا أَرْنَدُ سَن بُوَكْ	Hoewel Hannah Arendt se boek,
تْ هُوْمَن كُنْدِشِن 1958	<i>The Human Condition</i> (1958),
بَدُوْلُ أَسْ أَسْ ء كَرْتِيَكْ أُوْبْ دِ	bedoel is as 'n kritiek op die
مُوْدَرْنَ مَنَسْدُم	moderne mensdom,
دَلْفُ دِتْ دِيْبْ أُنْ دِ كَلْسِيَكْ ثَرْدِيْسِي	delf dit diep in die klassieke tradisie
أُنْ سِتْ ء هَلْ فَرَبِيْعَغَانْ فَيْرْلُدْبَسْكَوْنُغْ	en sit 'n hele verbygegene wêreldbeskouing
فَرَالْ أُنْ دِ هُنْدُ فَنْ أَرِسْتُوْتَلْسُ سَن	veral aan die hand van Aristoteles se
فَرْكْ أُوْبِيْتِيْن	Werk, uiteen.
هَارْ دُوَالْ دَارْمِيْ أَسْ أُوْمْ مَأْسَنْتَفْ	Haar doel daarmee is om maatstawwe
أُنْ فَرُوَيْسِنْغُسْ تِ فِنْدُ فَارَانْ دِ أُوْمَسُوِيْ	en verwysings te vind waaraan die ommeswaaie
فَتْ دِ مُوْدَرْنِيْتِيْتْ أُوْنْدِرْلِيْ	wat die moderniteit onderlê,
عَمِيْتْ أُنْ فَرُسْتَانْ كَنْ فُوْرْدُ	gemeet en verstaan kan word.
هِيْرْدِيْ هُوْفُسْتِيَكْ فِلْ نِ فُوْرْعِيْ أُوْمْ	Hierdie hoofstuk wil nie voorgee om
رَعْغْ تْ لَاتْ عَسْكَيْدْ أَعْنْ هَارْ دِيْرْتَسْتَنْدُ	reg te laat geskied aan haar deurtastende
كُرِيْتِيَكْ أُوْبْ دِ مُوْدَرْنَ أُنْ دِ كَلْسِيَكْ نِ	kritiek op die moderne én die klassieke nie,
مَارْ دَارْ فُوْرْدُ دَنْكَبَارْ عَبْرِيَكْ عَمَاكْ	maar daar word dankbaar gebruik gemaak
فِنْ دِ فُوْرْدَسَنْكْتْ فَتْ سِيْ أُوْنْتَفَكْلْ	van die woordeskat wat sy ontwikkel
أُنْ كُنْسَبْتُوْلْ أُوْنْدِرْسَكِيْدْ فَتْ سِيْ	en konseptuele onderskeide wat sy
أُوْبْرُوْبْ أُنْ مَتْ مَكَارْ أُنْ فَرَبْنْدُ بَرْنُغْ	oproep en met mekaar in verband bring.
	Teks-Bron: Boek: Carel Boshof: „Tuiskoms“, Eerste uitgawe, eerste druk 2022, Bladsy: 90-91, ISBN 978-0-620-97724-1

جَلْ مُوتْ أُوْفْ دِ بُوْمْ حُوْدْ مَاكْ	Julle moet óf die boom goed maak
أُنْ سِيْ فُرِيْحْتْ حُوْدْ	en sy vrugte goed,
أُوْفْ جَلْ مُوتْ دِ بُوْمْ سَلْخْ مَاكْ	óf julle moet die boom sleg maak
أُنْ سِيْ فُرِيْحْتْ سَلْخْ	en sy vrugte sleg;
وَأَنْتْ أَعْنْ دِ فُرِيْحْتْ فُوْرْدُ دِ بُوْمْ خَكْنْ	Want aan die vrugte word die boom geken.
	Teks-Bron: Die Bybel, Mattheüs: 12 / 33. Lk. 6: 43-45.

Albrecht Beer woon in Wellingholzhhausen, Duitsland. “Die eeuelange direkte kontak in Afrika tussen 'n Westerse taal soos Nederlands en 'n Oosterse taal soos Arabies het 'n absoluut fassinerend invloed op my. My motivering om deel te neem was die wens om die bestaan van Afrikaans as ongetwyfeld 'n inheemse taal van Afrika te steun.

“Die moeilikste ding is om die Afrikaanse klinkers (kort en lank) asook die tweeklanke na die Arabiese klinkers te translitereer.” - albrecht.beer@gmx.de

أَرَابِيْسِيْ أَفْرِيْكَانْسْ



Arabies-Afrikaans



Arabiese taal

Arabiese Taal

Arabies wat die moedertaal is van meer as 200 miljoen mense wêreld wyd is 6de onder die belangrikste tale van die wêreld.

Arabies is die amptelike taal van 16 lande in Afrika, is ook een van die 6 amptelike tale van die Verenigde Nasies, boonop is dit die heilige geskryfte van moslems regoor die wêreld. Die arabiese taal bestaan al meer as 1000 jaar.

Daar word vermoed dat dit in die Arabiese Skiereilande ontstaan het. Arabiese taal het woorde van ander tale geneem soos Aramees en ander oosterse tale.

أَرَابِسْ تَلْ

أَرَابِسْ، فِتْ دِ مُودَرْتَالْ أَسْ فَنْ مِيرَاسْ ٢٠٠
مَلْيُونْ مِينْسْ فِرَ الضِّ فَيْدْ،
أَسْ ٦ دَ أُنْدَارْ دِ بَلَنْغَرَاكْسَتْ تَالْ فَنْ دِ فَيْرَ الضِّ.
أَرَابِسْ أَسْ دِ أَمْتَلَاكْ تَالْ فَنْ ٦ أَلْنَدَ أَنْ
أَفْرِيكْ، أَسْ أُوَكْ إِيْنْ فَنْ دِ ٦ أَمْتَلَاكْ تَالْ فَنْ دِ
فَارَ إِيْنَاخْدَ نَاسِسْ، بِنَافْ أَسْ دَاتْ دِ
هَيْلَحَسْكَرَافْتْ فَنْ مُسَلْمَسْ رِحَاوْرْ دِ
فَيْرَ الضِّ. دِ أَرَابِسْ تَالْ بَسْتَانْ آلْ مِيرَ أَسْ ء
١٠٠٠ يَارْ.

دَارْ فَرْدْ فَرْمُودَ دَاتْ دَاتْ أَنْ دِ أَرَابِسْ
سَكِيرَ إِيْلَنْدَ أُنْتَسْتَانْ هِتْ . أَرَابِسْتَلْ هِتْ فُورْدْ
فَنْ أُنْدَارْ تَلْ حِنِيمْ سُوَسْ أَرَمِيسْ إِنْ
أَنْدَرُ أَسْتَرَسْ تَالْ

Alamien Gaidien woon in die Paarl. “Ek stel belang in die skrywe en transliterering van Arabies-Afrikaans omdat dit deel is van my geskiedenis en kultuur en daarom wil ek voorts my gedigte en ander geskryfte translitereer om dit behoue te bly vir die toekoms.

“My grootste uitdaging was om die Arabies-Afrikaans so na as moontlik te translitereer sodat die wie dit kan lees, nie na die Afrikaans hoef te gaan kyk nie.” –
anwardup@gmail.com

أَرَابِيسِي أَفْرِيكَانْسْ



Arabies-Afrikaans